

God sit in 'n afgeleë hoek van die hemele en spin weer 'n paar drade wol vir die sluier wat Hy deesdae blok vir blok weef. Om die tyd daarvoor te kry is nie altyd maklik nie. Hy spin en spin – en sug saggies. Soveel gebede, so baie gesoebat en gesmeek, dié wat kwaad raak en dreig. Hier bo word Hy ook voortdurend lastig geval. Daar kom nou juis weer twee aangestap.

“Is nou 'n goeie tyd?” vra die een.

“Die kind se ma bid onophoudelik,” sê die ander. “Heel-nag lank.”

“Maar jy weet Hy raak moeilik wanneer ons hom hier kom pla.”

“Dit gaan tog oor 'n kind se lewe.”

“Ons moet seker vra. Ek hoop Hy is in 'n goeie luim, want Hy vorder stadig met sy sluier.”

“Wat probeer Hy dié keer bereik?”

“Hy weef 'n dun sluier. So iets.”

“Om wat mee te doen?”

“Hy sê as Hy dit tussen Hom en die mensdom hang, sal die mens sy lig minder verblindend vind.”

“Ek weet darem nie so mooi nie. Altyd soveel idees.”

“Gedra jou nou. Jy weet ’n mens praat nie teë nie.”

“Nie dat ons mens is nie.”

“Daarom word ons dag en nag met die mens se gebede en pleidooie oorlaai.”

Oorrompel eintlik – want die ma se gebede is onophoudelik. Sy het kort voor middernag op ’n stoel in die sitkamer wakker geskrik. Sy het vir ’n minuut of twee haar seuntjie se vermoeiende siekbed verlaat en in die sitkamer gaan sit om net mooi tot verhaal te kom. Toe sy ’n goeie halfuur later wakker skrik, het sy haarself berispe en haar na sy kamer toe gehaas. Die bedlamp was aangeskakel en sommer met die intrapslag kon sy sien dat dinge nie reg lyk nie. Sy asemhaling was werklik vlak en oneweredig, sy voorkop vuurwarm van die koors.

“O, God,” het sy radeloos geuiter en om te midde van verwyfeling wys te probeer handel, het sy die kamer se daklig ook aangeskakel.

“My God!”

Haar man, ’n gesiene Kaapstadse koerantman, en haar tienerseun het die Sederberge ingevaar. Hulle kon haar nie van hulp wees nie, maar oomblikke later was sy reeds by die voordeur om die bure te gaan wakker klop. Weer het sy haarself berispe – om so deurmekaar te raak in ’n oomblik

van nood! Sy het omgedraai, in die gang nog 'n lig aangeskakel en na die telefoon toe gedraai. Nadat sy die dokter opgekommandeer het, het sy 'n buitelig vir hom aangeskakel en 'n koel asynlap op haar seuntjie se voorkop gaan sit. Sy het haar voorgeneem om dieselfde nag nog vir God reguit in die oë te kyk, want wanneer dit by water op die brein kom, strek dokters se kennis maar net so ver.

Die dokter het hier gevoel, daar getas, oor druppels en pille gepraat en toe nog die medelye van 'n dik silwer naald in haar arme, arme kind se boarm gespuit.

“Sal hy deurkom?” het sy gevra.

“Dis nie meer in my hande nie,” het die dokter gesê.

“Dan sal hy,” het sy hom vol geloof geantwoord.

“Kom hy deur,” het die dokter met 'n laaste blik oor die bloedjong pasiënt se bed gesê, “sal hy óf baie slim wees ...”

“Of?”

Die teenoorgestelde, het sy stilswye haar vertel.

“Water op die brein tas soms die oë ook aan,” het hy wel gesê.

“Sy oë?” het sy besorg gevra.

“Die hart ook,” het die dokter bygevoeg en sy skouers hulpeloos opgetrek.

Sy wou teen die mure uitklim van verontwaardiging, maar het beheers saam met die dokter voordeur toe geloop. 'n Dokter weet miskien nie, maar Hý weet. Skaars is die voordeur om 'n middernagtelike uur agter die dokter toegemaak,

of sy het langs haar kind se bed op haar knieë neergeval. Haar gebede het uit die stad se bergkom opgereis en teen die berghange opgeklouter voordat dit see toe gedraai het. Soos swerms seemeeue wat nie vir die nag land toe wou kom nie, het haar pleidooie oor die donker water uitgesprei en onophoudelik opgebrander om die slaap van die Al te versteur.

“Onophoudelik,” sê die eerste. “Die hele nag.”

“En Meester,” voeg die tweede by. “Sy sê as die kind gaan, gaan sy ook.”

“En dit is tog ’n kind,” beaam die eerste. “Hy is maar twee jaar oud.”

God lig sy hand gesaghebbend om hulle stil te maak en knik ligweg. Dit is immers ’n kind, hoop vir die toekoms.

Hy het geknik en sy wil geskied mos altyd. Planete draai in hul baan, sterre flikker, seemeeue vlieg kermend in sirkels oor ’n donker see en in die diepte van die groenblou see wikkel die mure van haar kasteel heen en weer. Sy, die koningin van die see, kom soos ’n geroepene uit haar troon orent, luis-ter na die deining daar bo en gou is sy met haar bamboesweep in die hand op pad boontoe.

In die dieptes swem die skaaldiere wat snags kos soek. Hoër op die reënboogkleurige rietspruite, nog hoër op die pylstert en lanternvis, daar ’n seekat, hier ’n paling. Sy wikkel haar bolyf, klap haar stert en gee ’n ingenome blik oor haar domein, want vannag wag droë land haar in.

Op die seeoppervlak sê sy die wind aan en ry die nag se

branders. Sy sê hulle ook met haar bamboessweep aan, kasty die deinings hoër en hoër totdat 'n reusebrander haar voor die huis in Rheedestraat laat neerstort.

Binne kniel 'n vrou teen 'n kind se siekbed en die koningin van die see gaan flink te werk. Sy klap haar sweep om die lug te suiwer, verdryf die kwaad en gaar die koorswater in haar bakhande op. Sy roep nog 'n reusebrander op, laat haar meesleur en stort die koorswater oor die see uit.

Sy voel lig; met die haas agter die rug en die taak verrig, verander sy in 'n albatros. Speels gebied sy die wind en sweef rustig oor 'n wye, oop see wat reeds onder die eerste lig sy groenblou uithaal.

Hier is sy tuis en sy glimlag terwyl 'n ma in Rheedestraat uit haar gebed opkyk. Kyk, sy asemhaling is egalig en op sy lippe lê 'n onskuldige glimlag.

“My God!” roep sy hardop en buig dankbaar weer haar kop. Sy frons egter. Sy knip selfs haar oë. Al het God haar gebede beantwoord, kom sy skerp, verblindende lig haar vanoggend dowwer voor.